**Saterdag 25 Maart**
**Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:23 (AFR33/53)**
**Hy word genoem: Jesus en Emmanuel**

In ons huidige samelewing is die kwessie rondom die maagdelike geboorte van Jesus ’n werklikheid en word dit maklik tot voor ons neuse gebring met die media.

MAAR! Vir ons as Christengelowiges is dit nie ’n kwessie nie en aanvaar ons dit soos ons die volledige heilige Woord van God aanvaar. Ons het ’n Koning in die hemel wat vir ons intree by God en vir ons die ewige heerlikheid in bewaring hou. Met die geboorte van Jesus het die Skrif tot vervulling gekom wat geskryf staan in Jesaja 7:14: *Daarom sal die Here Self aan julle ’n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immanuel noem.*

Jesus is die Immanuel, “God met ons”, omdat Hy Self God is en altyd was en sal wees. Ons bely dit so mooi in die belydenis van Nicea: *“Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur Wie alles tot stand gekom het.”*

As ons lewe met die vaste oortuiging dat Jesus Christus vanuit ’n maagdelike geboorte tot hierdie lewe gekom het, soos dit geprofeteer is in die Ou Testament, en ons hou vas aan die onfeilbare Woord van God en ons kosbare belydenisse, sal ons met vreugde en blydskap elke dag kan ingaan, want Jesus die Christus (Gesalfde van God) is ons Immanuel, Self God en Verlosser van almal wat in Hom glo en sy Heilige Naam aanroep.

Daar kan nie beter troos en vrede aan elke gelowige gebring word as dié vaste wete aangaande Jesus nie. Leef dit en verkondig dit deur die wêreld, want almal moet dit weet.

*Sing: Psalm 68-1:1, 9*
*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*